



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 28 Mei 2020

Gedagte van die week:

'n Mens raak verlief op 'n persoonlikheid, maar leef saam met 'n karakter.

Teks vir Pinkster:

Romeine 12:9-21

Pinkstergebed:

O Heer U's wonderlik, my huis is oop vir U. Ek nooi U in, kom maak U tuis, U lei my deur u Woord
O Heer U's wonderlik, my hart is oop vir U. Ek wil, ek sal, u stem nou hoor, U lei my deur u Woord.

Pinkster 2020:

Die opregte liefde is **hartlik** ... dit skep graag 'n warm atmosfeer!

Die opregte liefde is **vergewensgesind** ... dit vergeef altyd eerste en ten spyte van!

Die opregte liefde is **eerbiedig** ... dit laat ons duur en gesog voel!

Die opregte liefde is **geesdriftig** ons glo ons is God se geskenke aan mekaar!

Die opregte liefde is **ruimhartig** ... jy mag maar wees wie jy is en ek mag maar wees wie ek is!

Die opregte liefde lag en huil **saam** ... ek kan jou lewe nie verander nie, maar ek is saam met jou in die lewe!

Die opregte liefde is **nederig** ... ek is sonder houding en jy is sonder vrees!

Die opregte liefde is respekvol **intiem** ... ek vat en raak aan jou soos en wanneer jy daarvan hou en my toelaat!

Die opregte liefde **help** ... my oë sien jou, my ore hoor jou, my hande help jou!

Die opregte liefde **bid** ... ons is drie in die huwelik: ek, jy en God!

Die opregte liefde is 'n **duursame** liefde!

Hier is jou laaste Pinksterskakel vir **Sondag 31 Mei 2020**

<https://youtu.be/8J6LICetKcY>

Meditasie uit die lewe:

Die regering van die dag laat ons toe om vanaf 1 Junie 2020 voort te gaan met geloofsbyeenkomste, maar wel onder streng voorwaardes. Dit is vir my maklik om hulle goeie bedoelings en genadige gesindheid raak te sien, en daarvoor is ek dankbaar, maar dit is moeilik om dit as 'n rasonale besluit te aanvaar. Ek weet nie hoe ek die deur gaan toemaak in gelowige nommer 51 se gesig nie. Ek weet nie wat gaan anders wees aan ons samekomste in die kerkgebou as wat ons nou voor die rekenaar en selfoon beleef nie ... ons mag steeds nie aan mekaar raak nie, ons mag steeds nie naby aan mekaar kom nie, ons sal maar moeilik sing agter ons maskers en na die tyd sal ons sekerlik nie mag saam tee drink nie en dit alles nog met verhoogde risiko daarby. Verstaan my mooi, ek verkies die van-aangesig-tot-aangesig saamwees, maar dan oop-en-bloot en heeltemal! Verstaan my mooi, hierdie rekenaar-praterij is nie my eerste keuse nie, maar dit is tans 'n goeie tweede-keuse. Verder weet ek nie hoe ek die haarkapper en die restauranteur, wie se hele lewensonderhoud in gedrang is, in die oë gaan kyk, wanneer ek Sondag oppad kerkgebou toe, by hom/haar verbygaan nie. Op hierdie punt wil ek vir ons president dan sê, "Baie dankie, meneer die president, ek het baie deernis met u en ook baie respek vir u, maar nee dankie. Ek het mos ook 'n ander President en ek het 'n vermoede dat Hy vir my sou sê dat die kerk die laaste moet wees om weer oop te maak. Die kerk se gesindheid is dié van die deurwagter wat almal eers laat ingaan en dan laaste ingaan. My ander President sal vir my sê: Eerste by die kruis, laaste by die huis!" Ek dink die kerk moet nou baie gewillig bereid wees om die kruis, van die tyd waarin ons is, voorbeeldig te dra. Ek aanvaar dat hierdie uitdaging nie vir alle gemeentes ewe maklik sal wees nie en dat ons nie met 'n of/of benadering hieroor moet praat nie. Ek wonder hoe voel die lede van die Agter-Paarl Geloofsgemeenskap hieroor. My mening is maar net 'n getuigenis en julle mag asseblief vrymoedig deelneem aan die gesprek.

Weeklikse groepsmeditasie

Ons dink daaraan om ons weeklikse groepsmeditasies tydelik via Zoom te doen. Die meditasies vind gewoonlik plaas op Woensdae om 09:00 en 18:30. As jy aan hierdie Zoom-weergawes daarvan wil deelneem moet jy asseblief 'n epos stuur vir Toit Wessels by toit.wessels@hotmail.com voor of op Maandag 1 Junie 2020. Dui ook net aan of jy die oggend of aand wil bywoon. Ons hoop om af te skop hiermee op Woensdag 3 Junie 2020.

Uitnodiging

Jy mag maar skryf en bel en sms en whatsapp. Ons wil graag deelneem aan jou lewe. Bel en nooi ons uit. Kom kuier in ons spreekkamers ... ons kan in die een-tot-een situasie regtig die risiko tot die absolute minimum bestuur. Vanaf 1 Junie is ons wel essensiële werkers en mag ons mense te woord staan. Jy is ook welkom om

enige getuienis, gewaarwording, gedig, lied en storie met ons te deel. Ons sal dit graag met jou toestemming by die nuusbrieff wil insluit sodat my en Toit se stemme nie al is wat gehoor word nie. Hierdie is nou 'n ideale geleentheid vir 'n wyer luister na mekaar.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrieff" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of jjn1@telkomsa.net